

# GHOLF NOU AMPTELIK SPORT BY SKOOL

**M**eneer Paul Grimbeek is verlede jaar in September by Hoërskool Heilbron aangestel om te help met die Ekonomiese en Bestuurswetenskap- en Rekeningkunde-klasse. Hy beskryf homself as sportfanatikus en het onderneem om gholf as 'n sportsoort by die skool in te bring. Daar was heelwat belangstelling om deel te wees van die sport en hulle spog nou met 'n totaal van 16 leerders van graad een tot en met Matriek wat gholf speel. Covid-19 maak dit moeilik vir leerders om deel te neem aan kontaktsport, en hierdie is 'n veilige manier om die liefde vir sport uit te leef en fokus gholf ook baie op hand- en oogkoördinasie.



Op die foto: Leerders wat deel is van die span. Voor vl: Tristen Jenkins, RJ Muller, Wuelamé Cilliers, Lourens Roux en Dian Janse van Rensburg. Tweede van links: Riaan Joubert, Michal Pretorius. Derde ry: Frikkie van der Merwe, André van der Merwe, Erhardt Cilliers, JC Pretorius en Paul de Koker. Heel agter: Mnr Johan Hoole, Noulán Daniels, Nicky Knoetze, Henrico de Jager en Mnr Paul Grimbeek. Afwesig: André Viviers

# VRYDAGAAND VREUGDE BY ROLBALKKLUB

**S**oos vroeër berig moes die vorige “besigheidskompetisie” uitgestel word as gevolg van reën, maar Vrydagaand 12 Maart was daar groot plesier en vreugde by die rolbalkklub toe 14 spanne mekaar die stryd aansê. Verskeie besighede het met hul spanne daar aangekom gestewel en gespoor vir die groot “geveg”.

Gedurende die dag was daar dalk verskeie “specials” op die besighede se rakke maar Vrydagaand was daar geen “specials” beskikbaar nie, daar was wel iets spesiaals toe 4 van Liewe Heksie se susters daar opdaag. Hulle het ongelukkig veroorsaak dat spel bietjie later as beplan begin het, aangesien een van hulle 'n probleem met haar besem gehad het. Later sou dit bekend word dat sy die afdraai na Buffalo Valley Spur gevat het vir een van hulle “specials”.

Na die eerste helfte van die kompetisie is daar eers halt geroep vir ete, hamburgers gevul met bobaas “patties”, voorsien deur OJ's Meat Market en, natuurlik kan 'n somersaand in die Vrystaat erg warm raak en moes daar verseker word dat spelers nie gedehidreer raak as gevolg van die hitte en die hoë konsentrasie nie, dus was die inname van vloeistowwe baie nodig.

Dit sou onregverdig wees om

die aand af te sluit met spelwenners, aangesien almal wenners in eie reg was. Daar was heelwat skenkings ontvang as pryse en is daar besluit om eerder geluktrekkings te hou sodat elke speler 'n prys ontvang het, met groot dank aan die besighede en individue vir hierdie skenkings.

Nog 'n vreugdevolle aand agter die rug en die groot vraag is: Wanneer is die volgende een?



“Liewe Heksie se susters”. Op die foto vl: Lisa Boshoff, Nicolene Weyers, Meloney Pretorius en Annari Combrink.



Koos Bierman en Annari Combrink.



## F.T.C.

FOR ALL TRUCK, CAR & TRAILER PARTS & REPAIRS

Villiers Avenue 12 • Frankfort • 9830  
www.ftcfrankfort.com

**BRAKES & CLUTCHES**



**HYDRAULIC HOSE ASSEMBLIES**



Willem : 072 647 1074	Parts : 072 684 3861
Ruan : 072 176 4206	Landline : 058 813 1206
Thinus : 079 544 8096	Email : ftcfrankfort@gmail.com



HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

15% off

EASTER SPECIAL  
NEWSPAPER  
ADVERTISEMENT

Book and pay before 10AM on 30 March and receive 15% discount on all advertisement or newspaper on 1 April 2021

heraldnuus@heilbron.co.za | 058 852 3033

## BKB Louwid

### Die komende week se BELANGRIKSTE veilinge

#### MAANDAG - 29 MAART 2021

ARLINGTON Maandelikse veiling  
Kontak Michiel Odendaal 082 560 6174

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling  
Kontak Louwtjie Bezuidenhout  
082 827 7443

#### DINSDAG - 30 MAART 2021

KLERKSDORP Weeklikse veiling  
Kontak Rudy vd Wasthuizen 079 418 4289

VEREENIGING Weeklikse veiling  
Freek Pieterse 079 560 7088

DANIËLSKUIL: GERRIT NIEUWOUDT  
REUSE EIENDOMSVEILING  
8 Plase (11,000ha) te koop  
11:00, Vlakpan, Daniëlskuil  
Kontak JD Steyn 072 877 6984

#### WOENSDAG - 31 MAART 2021

MEMEL Maandelikse veiling  
Kontak Wentzel Vorster 082 566 1369

#### DONDERDAG - 1 APRIL 2021

FRANKFORT Weeklikse veiling  
Kontak Jacques Meyer 076 691 0095

KROONSTAD veiling  
Kontak Rudy vd Westhuizen 079 418 4289

KAALLAAGTE Maandelikse veiling  
Kontak Willem Kruger 082 376 1539

HLUHLUWE Twee-maandelikse veiling  
Kontak Stoffel Mouton 082 329 0225



www.bkb.co.za

**BKB Louwid NOORD 2005/026173/07**  
Posbus 220, Frankfort, 9830  
Tel: (058) 813 1071 Faks: (058) 813 2317  
e-pos: frankfort@bklouwid.co.za